# LENTE-DANKFEES 2018

Ons Lentedankfees is DV op **31 Augustus vanaf 17:00** in die kerksaal. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!

- **KLEINKOEKIES & LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880 of 0834593923
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **HAP EN TRAP:** Aletta Hanekom 6932710 of 0828246548
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440 of 0723309709
- **KINDERTAFEL:** Jeanne Smit 6911450 of 0842843378
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elise Claassen 6912813 of 0839615135
- **TEETUIN:** Marie Loftie-Eaton 0721422313 of 6904215
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **DIE MARK:** Carina Beyers 0825643633 of 6912426
- **PASTEIE:** Elize 0786777335 en Joey 073 2988 142
- **VLEIS:** André Kritzinger 6932462

**<u>Die volgende word benodig</u>:**

* Hoender en wildsvleis vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies en foelieborde
* 2L Roomysbakke en poedings
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk, suiker
* Wit olifante
* Ingelegde produkte, konfyte, heuning
* Potplantjies
* Ons het veral hulp nodig met die **kleinkoekies** se bak!





# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 12 AUGUSTUS 2018

*"U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid" (Psalm 23:5)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Magdalenahuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen a.g.v. langnaweek.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Robert).
Vleesbaai om 09:30 (ds Martin Pauw).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Alta du Toit Skool.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-7 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 10 vergader 10:30 in die kerksaal. Gr 9 en 11 vergader soos deur die dominee gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

**<u>Ds Danie</u>:** Maandag 15:00 (Santos 2 sitkamer) en Dinsdag 09:30 in die kerk.

**<u>Ds Robert</u>:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3.
Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**<u>Ds André</u>:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

| | |
|---|---|
| **Dinsdag:** | Gebedsbyeenkoms om 17:30 in die kerk. |
| **Woensdag:** | Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André). |
| **Donderdag:** | 18:00 Kerkraadsvergadering in die saal. |
| | Saambid vir mans 06:00 in die saal. |

## BANKBESONDERHEDE

*<u>Dankoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*<u>Geloofsoffers</u>: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Augustus is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer Hospitaalbearbeiding was R2248-30.

**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g en R50/kg.

**VLEISTAFEL:** Die Here het voorsien dat ons, tsv die droogte, beesvleis en volstruis te koop kon kry.
- Nou vra ons asb donasies om daardie vleis te kan betaal.
- Ons het ook 2 koedoes gekry. Die koedoes moet ontbeen word. Kom help asb. Maandag (13 Aug) om 9:30 in die kerksaal. Bring skerp messe saam.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**SANTOS HAVEN LENTEFEES:** Donderdag, 16 Augustus om 13:30. Toegang is R12 en sluit tee/koffie en 'n pannekoek in. Baie stalletjies om te besoek, asook heelwat pryse te wen.

**GEBED:** 'n Gemeente se gebed bestaan uit individuele gebed en ook gesamentlike gebed. Ons gebedsbulletin is 'n geleentheid waar die gemeente SAAM kan bid vir sake, sonder om op 'n bepaalde uur in 'n bepaalde lokaal bymekaar te kom.
Die mans het Donderdagoggende 'n geseënde saambid. 'n Ander groepie lidmate bid al vir meer as 10 jaar op 'n Dinsdag saam. Heelwat het intussen verhuis of is oorlede.
Ons wil iets nuut probeer. Ipv weekliks gaan ons probeer om die eerste Dinsdag van die maand om 17:30 in die konsistorie saam te bid. Oorweeg dit om op pad van die werk af te kom bid asb.
Ons nooi spesiaal die lede van die gebedsketting om hierdie Dinsdag, 14 Augustus om 17:30 - te kom saambid.






# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir Augustus: ONS VERSOEKINGE**

*"Laat ons nie in die versoeking kom nie….."*

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Bewaring teen die brullende leeu wat soek om ons te verslind. Vir die volle wapenrusting van God te midde van versoekings.
* (Deuroffers) Die Magdalenahuis Beradingsentrum fokus op drie diensterreine naamlik swangerskapsberading, aanneming en herkomsnavrae. 'n Veilige hawe word geskep vir swanger getraumatiseerde meisies/vroue. 'n Groot aantal inwoners kom vanuit swak maatskaplike omstandighede en het nie ondersteuningstelsels nie. Die sentrum is grotendeels afhanklik van bydraes van gemeentes.
* Tyd vir God in ons besige skedules.
* Kerkraadsvergadering.
* Nuwe leiers in Zimbabwe.
* Siekes sonder goeie mediese sorg; primêre gesondheidsorg.
* Die ingesteldheid om te hoor wat God vir sy kinders sê.
* Onsekerheid tov landsake soos die grondkwessies.
* Doogte - vertrou die Here vir uitkoms in ons distrik asook in Port Elizabeth (OosKaap).

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Augustus is Barmhartigheidsmaand in die kerk. Loof die Here vir Barmhartigheid wat diep uit mense se harte gebeur; iets waardeur God self sigbaar raak in 'n andersins hardvogtige lewe van beloning alleen op grond van verdienste.
* Die NG Kerk se Barmhartigheidswerk - kinderhuise, versorgingsoorde, dienssentrums, rehabilitasie, maatskaplike werk.
* Die gemeente en individue se uitreik met liefdevolle sorg.
* Die sagte reën wat ons ontvang het.
* Droogte-hulp (Burre Burger) wat vir die Suidkaap boere voer geskenk het.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Pierre Swart Kokerboomstr, Anita Steyn De Bosse